Die Afrikaner
sedert 1970
R15
Bedryfskoste per eksemplaar
admin@hnp.org.za
Tel. 079 752 4898
Nr 2275 13 Mei 2026

Ramaphosa in knyp oor Phala Phala geld:

Waar staan die DA en ander?

In ‘n ingrypende uitspraak het die Grondwetlike hof beslis dat die onafhanklike paneel se verslag, wat bevind het daar bestaan ’n *prima facie*-saak van ernstige skending van die Grondwet of sekere ander wette deur die ANC se president Cyril Ramaphosa, wel na ’n parlementêre komitee verwys moet word vir verdere ondersoek. Hierdie bevinding van die Grondwetlike Hof beteken dat Ramaphosa wel in ‘n staat van beskuldiging geplaas kan word, en verskeie partye, met uitsluiting van die DA, VF Plus en enkele ander, het reeds geëis dat hy moet bedank as staatshoof.

Die onafhanklike paneel moes ondersoek instel of daar enige wette oortree was toe daar sowat $580 000 harde kontant, wat in ‘n rusbank versteek was in Ramaphosa se huis op Phala Phala, gesteel is in Februarie 2020. Die paneel wat die art. 89-verslag opgestel het, het bevind dat daar wel ‘n prima facie-saak teen Ramaphosa is. Hy het ernstige oortreding teen die land se grondwet gepleeg, dat hy moontlik skuldig kan wees aan wangedrag, dat hy sy eed verbreek het, sy mag misbruik het en dat hy vrae moet beantwoord oor die groot hoeveelheid buitelandse valuta wat in sy rusbank versteek is.

In 2022 het die ANC sy parlementêre meerderheid gebruik om hierdie verslag deur ‘n stemming in die parlement van die tafel te vee en dus die hele proses te laat stol. Die EFF en die Action Transformation Movement (ATM) het egter die saak na die Grondwetlike hof verwys.

Nadat die verslag in 2022 die lig gesien het, was Ramaphosa bereid om te bedank en het hy sy bedankingsbrief feitlik reeds gefinaliseer, toe ANC-hoës in die binnekringe hom oortuig het om dit nie te doen nie.

Na hierdie hofuitspraak lyk dit of Ramaphosa nie weer soos in 2022 lus is om te bedank nie, terwyl hierdie uitspraak sy posisie nog meer benard maak as die onafhanklike paneel se verslag van 2022.

Die reaksie van die DA se nuwe leier, Geordin Hill-Lewis, was maar baie vaag. Hy het wel gesê dat die DA aan die te stigte komitee sal deelneem, maar hy wil nie nou al die uitkoms van die komitee voorspel nie, maar sal nie toelaat dat enigiemand aanspreeklikheid vryspring nie. Ook die VF Plus se reaksie was maar baie gedemp. Hulle “verwelkom” wel die uitspraak, maar het in wese die Grondwetlike hof oor die vingers getik deurdat hulle “bekommerd (is) oor die feit dat die hof met sy uitspraak tot ‘n mate die skeiding van magte erodeer deur aan die parlement voor te skryf oor hoe om sy interne prosesse te bestuur.” En verder: “Die hof tree te veel in die domein van die wetgewer (parlement) in deur prosedure voor te skryf. Dit is in belang van die demokrasie dat die wetgewer onafhanklik en sonder inmenging moet kan optree.” VF Plus is daaroor ongemaklik.

Foto saamgestel met behulp van KI.

Met sulke kommentaar deur “opposisiepartye” wat in sy koalisieregering dien, voel Ramaphosa skynbaar heel veilig. Action SA se woordvoerder het die saak raakgevat toe hy die koalisievennote uitgedaag het om standpunt in te neem “omdat hulle tot dusver stil was.”

(Vervolg op bladsy 7)

Die Redakteur

Swakste landbou-minister ooit?

Daar is gereeld nuus oor Afrikaners wat van Amerika se president Donald Trump se aanbod gebruik maak om as vlugtelinge na Amerika te gaan. Dit is nie seker hoeveel Afrikaners al daarvan gebruik gemaak het nie, maar onlangs het daar op sosiale media ‘n foto verskyn waar ‘n groep Afrikaners in Amerika verwelkom word en die Amerikaners ‘n spandoek vertoon waarop vermeld word dat al meer as 6 000 mense al onder die vlugtelingskema in Amerika geland het.

‘n Persoon wat ter wille van sake gereeld aandoen by die sentrum waar Afrikaners aansoek kan doen om as vlugtelinge in Amerika toegelaat te word, weet te vertel dat dit hoofsaaklik jong mense is wat sit en wag vir die onderhoude. Buite staan daar hoofsaaklik plaasbakkies geparkeer: met nommerplate MP, L, GP, MP, FS, NC...

Dit is dus duidelik dat baie van die mense wat die land verlaat, juis boere is. Jong boere, wat so broodnodig is om die land se voedselmandjie vol te hou, maar wat nie meer kans sien om so aan te gaan nie.

Suid-Afrika se boere kon nog altyd die wispelturige weerstoestande te trotseer: of dit droogte is, oorstromings, verwoestende veldbrande of swartryp.

Wat hulle egter nie kan trotseer nie, is ‘n regering se wispelturige beleidsomgewing, of ‘n beleidsomgewing wat deur sy BEE onbeskaamd anti-Blank is; ‘n beleidsomgewing wat dreig om jou grond en dus jou bestaan te vat.

Dié beleidsomgewing wat die ANC dikteer, word selfs deur veronderstelde opposisie bevorder.

Die beste voorbeeld daarvan is die bek- en klouseer (BKS) epidemie wat die land teister, omdat die staat absolute beheer daaroor wil hou.

Tans is die voormalige DA-leier, John Steenhuisen die minister van landbou, en sy beleid en optrede verskil in wese niks van enige van sy ANC-voorgangers. Maar in plaas daarvan om sy ANC-voorgangers te blameer, het hy met ‘n skuins klap gekom teen dr. Pieter Mulder, wat in Zuma se tyd adjunk-minister van landbou was. As adjunk-minister het jy nie baie invloed op beleidmaking nie, want dit is altyd deur die ANC en sy kaders bepaal. Steenhuisen se klap na Mulder was dus onredelik en ongevraagd, en ‘n bewys van hoe ver hy bereid is om te gaan om die ANC tevrede te hou en tog net nie op hulle seer toontjies te trap nie.

Dit is die hele wese van Steenhuisen se termyn as minister van landbou. Hy het weinig indien enige simpatie vir die boere. Terwyl hy en sy departement deur Sakeliga, Saai en Vrystaat-Landbou in die hof aangevat word oor sy ellendige hantering van die BKS-krisis, is hy en sy amptenare in Suid-Amerika op soek na nog entstowwe - pleks hy gee die reisgeld en -tyd aan Onderstepoort om weer op dreef te kom met die vervaardiging van entstowwe.

In die hof kry hy pak slae. “Die feit dat die Minister van Landbou, John Steenhuisen, nou vir ’n tweede keer met ’n strafkostebevel op ’n prokureur-en-kliënt-skaal gestraf is, is nie bloot ’n administratiewe misstap nie — dit is ’n duidelike aanduiding van ernstige versuim in leierskap,” het mnr. Fanie Havinga, voorsitter van Landbou Aktief in ‘n verklaring gesê.

Landbou Aktief merk tereg op dat hierdie optrede nou ’n punt bereik het waar dit nie meer as geïsoleerde voorvalle afgemaak kan word nie. Dit dui op ’n patroon van besluiteloosheid en vertraging wat direk bydra tot die verergering van die bek- en klouseer (BKS)-krisis.

Net daarna het dit bekend geword dat vee wat in Natal ingeënt is, weer met BKS besmet is, omdat die termyn vir die toediening van die opvolg entstof te lank is. Dit bevestig die beskuldiging wat Landbou Aktief teenoor Steenhuisen opper.

Trouens, Steenhuisen het aan die hof gevra om uitstel te gee tot in Junie – ‘n versoek waaraan die hof geen gehoor gegee het nie. “Die hof moes uiteindelik ingryp waar die uitvoerende gesag versuim het om sy pligte na te kom. Dit is ’n ernstige en openbare berisping van die wyse waarop hierdie krisis bestuur word,” het Landbou Aktief gesê.

Daarbenewens het hierdie nuwe landbou vereniging tereg daarop gewys dat belastingbetalers nie langer die koste van hierdie optrede behoort te dra nie, en stel voor dat die minister persoonlik aanspreeklik gehou moet word vir die gevolge van sy optrede. Dit beteken die minister behoort die strafkostebevel self te betaal en nie uit die staatskas te finansier nie.

Steenhuisen het ook ‘n paar raadgewende strukture, wat ook deur Landbou Aktief gekritiseer is. “Dit is nou onvermydelik om te vra of die Minister se komitees en raadgewende liggame hul rol behoorlik vervul. Indien hulle wel toepaslike advies gee, maar dit word geïgnoreer, is dit ’n leierskapskrisis. Indien nie, is dit ’n strukturele mislukking. In beide scenario’s faal die stelsel — en boere dra die gevolge.”

Die impak op grondvlak is reeds ernstig en vinnig

(Vervolg op bladsy 9)

Onlangs in die Howe

Die nuwe landbou vereniging, **Landbou Aktief**, het ’n aktiewe regsafdeling. Op versoek van ***Die Afrikaner*** het dié regsafdeling ingestem om gereeld ’n kort opsomming te gee van uitsprake in die howe wat van waarde vir die publiek kan wees.

Hier is **Landbou Aktief** se eerste bydrae in dié verband:

1. FICA

In 'n beslissing van die Gauteng Hoër Hof in Pretoria op 25 Maart 2025 het die Hof 'n appèl van Len Dekker Prokureurs gehandhaaf teen boetes van die Finansiële Intelligensie Sentrum (FICA). Die hof het ook bevind dat enige herberekening van die administratiewe sanksies beperk is vanaf 19 Desember 2022. Dus die sanksie vir nie nakoming moet bereken word met verdere versagtende omstandighede. Die hof het dus (FICA) se strafmaatreëls beperk Wat 'n oorwinning is vir klein besighede.

2. PADONGELUKFONDS

Die Hoogste Hof van appèl (SCA) het twee (2) appèlle van die Padongelukfonds afgewys. Die kern is dat die Padongelukfonds nie kan weier om betalings te maak aan selfs onwettige immigrante wat in motorongelukke beseer is nie.

3. ARBEIDSREG (1)

Die Arbeidshof in Johannesburg het bevind dat die aflegging van 'n ene Tlhapa wat by CocaCola SA gewerk het sedert 1997 as 'n bestuurder vanaf 2010 in die "vending department" wat toegemaak is nie ongeldig is nie. Regter Daniels het bevind dat die maatskappy voldoende gronde gehad het vir sy aflegging. Die gronde vir sy aflegging was verminderde inkomste, swak produktiwiteit en verouderde toerusting wat die departement waar hy gewerk het onvolhoubaar gemaak het.

4. ARBEIDSREG (2)

'n Onlangse hofbeslissing in die Arbeidshof in Durban het bevind dat 'n werknemer se ontslag billik was. Die werknemer is skuldig bevind aan growwe nalatigheid en versuim om standaard operasionele vereistes te volg.

Die werknemer het versuim om 'n aflewerings instruksie te volg, en geweier om dit uit te voer. Hy was in diens van RAM Couriers. Die instruksie was gegee deur 'n takbestuurder een aand in Mei 2019.

5. BELASTING

‘n Onlangse hofbeslissing het bevind dat SARS nie kan aanhou om rente te hef of om betalings te herallokeer nadat 'n belastingdispuut formeel geskik en betaal is nie.

In kort is 'n skikkingsooreenkoms bedoel om 'n dispuut tot 'n einde te bring en nie te verleng nie. Die hof het die idee dat rente steeds kan loop nadat 'n belastingbetaler ten volle betaal het, verwerp.

6. EIENDOM

FNB het gepoog om die eiendom van 'n persoon in die Mahikeng Hoë Hof terug te neem. Die verweerder het die bank se berekenings aangeval asook die onafhanklikheid van die kommissaris van ede en die bank se *locus standi*. Die hof het bevind dat die bank oor hierdie aspekte gekruisvra moet word en is die aansoek om teruggawe nie toegestaan nie.

Die Afrikaner

admin@hnp.org.za Tel.: 079 752 4898

Redakteur: Mnr. Henk van de Graaf vandegraafhenk@gmail.com

Medewerkers: Mnr. Andries Breytenbach, Mnr. Hermanus van der Schyff, Mnr. Rudolf Buitendach, Mnr. Meinhard Peters, Mev. Alet Murray, Dr. Gideon Grobler

Uitleg en tegniese versorging: Mev. Juanita Powroznik

Woord en wêreld

Effektiewe Gebed 4

Deur Dr. Gideon Grobler

Skrifgedeelte: Markus 11:22-26 *Jesus antwoord en sê vir hulle: Julle moet geloof in God hê.* 23 *Want, voorwaar Ek sê vir julle dat elkeen wat vir hierdie berg sê: Hef jou op en werp jou in die see — en nie in sy hart twyfel nie, maar glo dat wat hy sê, sal gebeur — hy sal verkry net wat hy sê.* 24 *Daarom sê Ek vir julle: Alles wat julle in die gebed vra, glo dat julle dit sal ontvang, en julle sal dit verkry.* 25 *En wanneer julle staan en bid, vergeef as julle iets teen iemand het, sodat julle Vader wat in die hemele is, ook julle jul oortredinge mag vergewe.* 26 *Maar as julle nie vergewe nie, sal julle Vader wat in die hemele is, ook julle oortredinge nie vergewe nie.*

Oordenking: Die praktiese: Jy moet vra!

Jakobus sê: *ons ontvang nie, want ons vra nie! Mense sê, maar die Here weet wat ek nodig het, nog voordat ek gevra het. Natuurlik is dit waar, maar Hy wil hê dat ons vir Hom moet vra! Vra en vir julle sal gegee word!* 24 *"Daarom sê Ek vir julle: Alles wat julle in die gebed vra, glo dat julle dit sal ontvang, en julle sal dit verkry."*

1Joh. 5:14 "En dit is die vrymoedigheid wat ons teenoor Hom het, dat Hy ons verhoor as ons iets vra volgens sy wil." 1Joh. 5:15 "En as ons weet dat Hy ons verhoor, dan weet ons dat, wat ons ook al vra, ons die bedes verkry wat ons van Hom gevra het."

Die eerste deel van die praktiese aspek is vra. Die tweede deel is wát ons kan vra! 1Joh. 5:15 *"…wat ons ook al vra, ons die bedes verkry wat ons van Hom gevra het."*

Alles…? Nee daar is 'n kwalifikasie:

Joh. 14:14 *As julle iets in my Naam vra, sal Ek dit doen.*

Joh. 15:16 *Julle het My nie uitverkies nie, maar Ek het julle uitverkies en julle aangestel om vrug te gaan dra en dat julle vrug kan bly, sodat wat julle die Vader ook al in my Naam vra, Hy julle dit kan gee.*

Ander plekke volgens God se wil vra!

Wat beteken dit?

Moet ek net my gebed afsluit met: ek vra dit in U naam? Is dit wat dit beteken?

Jak 4:3 "Julle bid en julle ontvang nie, omdat julle verkeerd bid, om dit in julle welluste deur te bring."

Onse Vader in die hemel het liefde vir sy kinders, daarom hoor Hy as ek vra vir verligting van my nood.

- Hy hoor as ek vra vir die verhouding tussen my en my kind(ers);
- Hy hoor as ek vir 'n mooier huwelik vra;
- Hy hoor as ek vra vir die moeilike baas wat ek het;
- Hy hoor as ek vra vir my finansiële verknorsing;

Is dit dan nie deel van die lys wat Jakobus sê julle kry nie, want julle vra om dit in julle welluste deur te bring nie?

Al hierdie sake kan ek vir twee redes bid.

- Ek kan vra vir die verhouding tussen my en my kind(ers);
  - * Sodat dit tog weer ontspanne verhouding kan wees, of
  - * Sodat my kind/skoonkind meer van my sal hou.

Dan moet ek nie verwag dat God dit sal gee nie, want dan is dit wat Jakobus bedoel: *"in julle welluste deur te bring."*

Ek kan ook van harte vra: sodat die verhouding meer tot sy eer word. Om dit reg te kry lê waarskynlik die meeste werk aan die verhouding aan my kant!

Ek kan vra vir 'n mooier huwelik omdat ek moeg is om te werk aan my huwelik! Ek kan daarvoor bid sodat my man/vrou moet dink ek is oulik. Of ek kan vra dat die huwelik meer tot Sy eer moet wees dan lê die meeste werk waarskynlik wéér aan my kant.

Ek kan vra vir genesing, want ek is moeg van die pyn en die ongerief, of dalk die koste daarvan. Ek kan vra dat ek tog net weer normaal gesond is sodat ek weer aan alles kan deelneem waaraan ek gewoond was! Of ek kan vra vir gesondheid omdat ek dit absoluut nodig het om God se werk vir Hom te doen.

Hoor ons die verskil tussen in sy Naam/volgens sy Wil, vra?

Hieroor sal God in sy Alwysheid besluit, daarom altyd: nogtans nie my wil nie, maar U wil...

Gebed: *Hemelse Vader, leer my asseblief om reg te bid! Leer my om tot U eer te bid en leer my asseblief om te berus in U wil!* **Amen**

Wat het ons volk verloor?

Alles is nie wel in ons volkslewe nie. Daarmee sal die grootste meerderheid Afrikaners saamstem. Bitter selde word daar gepraat oor hoe dit so gebeur het. Waarom kan ons byna nie meer ons ellendes tel nie? Ek hoef dit nie hier op te noem nie. Verlede keer het ons die gesprek oor ons volk se uitdagings aangeknoop deur te verwys na die debat oor **oorlewing**. Dit sal verskillend klink wanneer mens dit benader vanuit die individu se oogpunt teenoor die belangrike vrae oor **ons volk** se voortbestaan.

Om ’n behoorlike beeld van ons volkskrisis te skilder vereis dat ons besin oor waar ons was met Republiekwording in 1961, alles wat daarna gebeur het en wat ons oor die afgelope 60 jaar sedert die sluipmoord op dr HF Verwoerd in 1966 verloor het.

In die eerste plek het ons die wonderlike eenheid in ons volk spoedig opgeoffer – daardie hegte eenheid wat tydens die Algemene Verkiesing van 30 Maart 1966 by die stembus tot uiting gekom het. Heel gou na dr Verwoerd se dood is die skeidslyne getrek tussen konserwatiewe Afrikaners en die liberale Afrikaners. Laasgenoemdes het hul toe haastig vermom as *die verligtes*. Liberaliste kon voorheen nie houvas kry op die nasionale beweging nie, maar met dr Verwoerd uit die pad, het hulle die konserwatiewe, nasionalistiese grondslag van die Nasionale Party aangeval. In hierdie sluwe aanslag het adv John Vorster ’n bedenklike rol gespeel, en hy het hom deur die nuwe uitwaartse beweging op sleeptou laat neem. Die woord “uitwaarts” het presies hierdie betekenis gehad: die volk moes sogenaamd uit die *laermentaliteit* uitbeweeg, ons moes ons begin inrig op die eise van die tyd. Die volk moes aanpas en veral kontak maak oor die kleurgrens.

So is daar begin om die volksbewussyn en Afrikaners se gesonde instink van binne te rysmier. Nasionalistiese, identiteitbewuste Afrikaners het geweet dat afsonderlike ontwikkeling (die apartheidsbeleid) ’n onmisbare vereiste was vir die voortbestaan van die blanke en die Afrikaner in ons vaderland. Minder as ’n jaar voor die sluipmoord op dr Verwoerd het hy hierdie onmisbare vereiste duidelik uitgelê by die kongres van die Nasionale Jeugbond te Loskopdam. Daardie toespraak het die rigting vir almal se toekoms aangedui. Op grond van dié logika is die swaai na die Nasionale Party in Maart 1966 verseker.

Sedert 1994 is die apartheidsbeleid in Afrikanergeledere selfs meer verdag gemaak as wat die verligtes dit kon doen met hul gemengde sport, hul uitwaartse beleid en sogenaamde grondwetlike hervorming. Afrikaners moes hul kwansuis losmaak van daardie kettings – soos dit onlangs weer deur sekere ”konserwatiewe Afrikaners” uitgedruk is. Afrikaners moet van *die skande van apartheid* bevry word, word betoog. Dit was ook die klanke wat gekom het van die Groep van 63, die FAK, die Vryheidsfront en die oud-KP’s teen die einde van die twintigste eeu. Almal moes nou erken dat die ”wit minderheidsregering” ons van die wêreld vervreem het, dat dit eintlik die oorsaak was van ons isolasie, en van swartes se opstand teen apartheid.

Wat het ons nie alles in hierdie aanslag verloor nie? Ons het ons staatkundige vryheid verloor; ons het nie meer *’n Volksraad* wat wette maak om ons volk te beskerm nie. Ons het ons vlag en landstaal se status verloor. Ons het intussen deur regstellende aksie die beskerming van blanke howe, blanke regters en blanke plaaslike owerhede verloor.

Ons het beheer oor die hele staatsdiens verloor; ons het ses groot Afrikaanse universiteite verloor; ons het beheer verloor oor ons eie skole en oor onderwysbeleid. Ons het beheer oor die openbare uitsaaier verloor. Ons het beheer oor ’n groot aantal semi-staatsinstellings verloor – instellings soos die lugdiens, die spoorweë, Krygkor, die WNNR, die SABS, die Nywerheidsontwikkelingskorporasie, en meer.

Op veiligheidsgebied is die kommandostelsel afgeskaf, die polisie en die weermag is *getransformeer* en Blankes is weerloos gelaat op hul plase en in hul huise, ook in die stedelike gebiede. Ja, ons kan vandag nog terugveg en onsself individueel beskerm, maar ons het die veilige tuiste wat die Republiek van Suid-Afrika aan ons gebied het voor ons oë sien verval in ’n anargistiese staat van wanbestuur, misdaad, grootskaalse korrupsie en allerlei vorms van geweld.

So beskou, moet ons besef dat die pad na vryheid vir ons volk besaai lê met groot moeilikhede; dit sal nie ’n maklike pad wees nie.

Met hierdie uitgangspunt in gedagte maak dit volledig sin om terug te keer na die grondslae van ons volksbestaan, na die wysheid van ons voorgeslagte, en na die Wes-Europese erfenis wat ons as blanke volk oor drie eeuegevorm het. So kan ons suiwerder dink oor ons volk se voortbestaan.

Vanaf die lessenaar van die Hoofsekretaris

Hermanus van der Schyff

Hierdie week hanteer ons 'n langer hoofstuk uit mnr. Jaap Marais se boek *Waarheid en Werklikheid*, geskryf in 1983.

"Haat uit die Engelse wêreld":

"Die belangrikste greep wat hierdie groep magnate op die openbare mening het, is die beheer wat hulle het in die maatskappye wat die Engelstalige pers beheer. Die Oppenheimer-belange in sowel die Argus-groep as die *SA Associated Newspapers*-groep is oorheersend, en met die groot advertensiebegroting van dié maatskappye strek hulle beinvloedingsmag ook tot die Afrikaanstalige koerante, die radio en die beeldradio.

"Wat hierdie magsgroep werklik verteenwoordig, is duidelik geskets deur hulle belangrikste segsman, mnr. Harry Oppenheimer. By die herdenking van die honderdste verjaardag van die Jameson-inval in Transvaal in 1875 het mnr. Oppenheimer op 12 Augustus 1975 'n gedenklesing by die Rhodes-universiteit op Grahamstad gelewer.

"Met verwysing na die Afrikaner-republieke van die vorige eeu het mnr. Oppenheimer onder meer gesê: 'As daar 'n Blanke gemeenskap was wat so vas aan die ou weë was, só selfvoldaan, só agterdogtig teen vreemde invloede dat hulle selfs teen groot materiële koste geweier het om saam te werk aan die bou van 'n verenigde, moderne land, dan moes die gemeenskap vernietig word, want soos Rhodes die saak beskou het, het so 'n gemeenskap hom dwaaslik en halsstarrig as 'n versperring in die pad van die onstuitbare evolusionêre voortgang van die geskiedenis geplaas.'

"Mnr. Oppenheimer vergoelik Rhodes se strewe om die Afrikanervolk "te vernietig" omdat hy in Rhodes se pad gestaan het.

"'Die lewe van 'n groot, moderne staat kan, soos Rhodes goed begryp het, nie versoen word met stamhoudinge binne sy grense nie, hetsy die stamme Swart of Wit is... Dit kan ook nie versoen word met 'n weiering om verandering te erken of met 'n onbehoorlike teerheid teenoor 'n tradisionele leefwyse nie,' verklaar mnr. Oppenheimer dan verder.

"Die kultuur- en rasverskille in Suid-Afrika is dus, volgens Rhodes en Oppenheimer, onversoenbaar met hulle oogmerke, met ander woorde nasionalisme is hulle vyand wat, as dit nodig is, 'vernietig' moet word.

"Waar Oppenheimer van Rhodes verskil, is oor die vraag hoe die vernietiging moet geskied. Rhodes, sê mnr. Oppenheimer, het sy dilemma te gou en op die verkeerde manier probeer oplos. 'Rhodes het probeer om sy eie antwoord op die vraag af te druk deur mag, en so het hy misluk.'

"Wat mnr. Oppenheimer se oplossing is, sê hy nie reguit nie, maar dit word onmiskenbaar aan die hand gegee. "Ekonomiese groei," verklaar hy, "vereis beweeglikheid en snel veranderde denk-en lewenswyse; dit spring oor grense; dit steur hom nie aan ras- en kleurverskille nie; dit is 'n groot kultuur-stormer wat vooroordele en tradisies afbreek wat vroom van geslag tot geslag oorgelewer is."

"Hierin is die hele filosofie van die liberale politiek saamgevat. Dit is die politiek wat vanuit hierdie Hoggenheimer-groep bedryf word om die Afrikanervolk se politieke mag te breek. Afrikanernasionalisme wat in 'n vorige eeu nie met geweld gebreek kon word nie, moet nou deur finansiële mag gebreek word. Dit is die manier waarop Rhodes se geestelike erfgename 'die Boere-oorlog' voortsit.

"In sy boek, *Press and Politics*, skryf die voormalige redakteur van *The Cape Argus*: 'Daar is ook die nodigheid om ontslae te raak van die onsigbare man wat aan die oorkant van die redakteurstoel in byna elke Engelse koerantkantoor sit. Daar is hy, verergerend, swygsaam, plegtig — die gees van Paul Kruger. Dit is teen hom en sy beeld wat, fundamenteel die inkvaatjies van hoon, spot, woede, welsprekendheid en verwerping nog steeds uitgegiet word'.

"Net soos in Rhodes se tyd die Uitlanders se politieke aansprake gebruik is om in die buiteland vyandigheid teen die Afrikanervolk te saai, word in ons tyd die politieke aansprake van die Swartes gebruik om vyandigheid teen die Afrikanervolk te wek. En dit word veral gedoen in die Engelstalige wêreld van die VSA, Kanada, Australië en Brittanje, maar ook in elke land waar Engelse koerante verskyn. In dié proses word dan ook kant gekies vir die terroriste as 'vryheidsvegters'.

"Wyle mnr. Paul Sauer het ná 'n buitelandse besoek in 1961 sy waarneming oor hierdie verskynsel baie skerp gestel. 'Ek is getref,' het hy gesê, 'deur die stroom van gif wat sy oorsprong in Brittanje het. 'n Mens is gedurig bewus daarvan. Byna alle lande het Engelse koerante, en almal saai gif teen Suid-Afrika. Dieselfde geld vir die BBC. Wat vandag uit Brittanje kom, is niks minder as 'n lied van haat teen Suid-Afrika nie.'

"Hierdie Engelse koerante weerspieël uiteraard die

gevoelens en opvattings van hul base. En dit is klaarblyklik dat hierdie haatpropaganda teen Suid-Afrika teruggelei kan word na die magskringe wat ten nouste skakel met die finansiële magsgroepe in Suid -Afrika Engelse pers beheer."

Die Engelse kon nie die Boere verslaan en/of uitwis nie. Daarom het die Engelse die vrouens en kinders in strafkampe gegooi met die hoop dat die sterfgevalle groter sou wees. Dit het ongeveer 36 000 vrouens en kinders uitgewis, maar verpleegsters soos Florence Nightingale het met hulle hulp, verhoed dat die sterfgevalle nog hoër was.

Toe die Engelse nie die Boere-krygers kon verslaan nie, moes die Engelse vrede sonder 'n oorwinning sluit. Dit het Rhodes genoop om ander pogings aan te wend deur die ekonomie, soos die goudmyne, diamantmyne en ander belangrike besighede, soos kos verkope teen hoër wins as wat normaalweg sou geld, op die mark te sit. Die Boere kon nie almal werk kry nie en moes noodwendig teen hongerlone werk. Maar Boere het weer die Engelse verras deur vas te byt en 'n beter lewe vir hulle begin skep.

Dit het die Engelse verder gedwing om die pers te gebruik om teen die Boere skuldgevoelens en wanindrukke deur die koerante te saai. Die Engelse het besef dat hulle nie die Boere so maklik kan verslaan nie en het die hele Engelse wêreld teen Suid-Afrika as sleg en met verkeerde politiek opgesweep. Dit het die Engelse met veral die VSA, Australië, en Wes-Europa en heelwat ander lande, gekos om die swak NP regering oor te haal om die staat sonder skoot of opstand aan die ANC terroriste bende oor te gee. En tot vandag word swart partye deur Engelse geldmag van finansies en strategieë voorsien. Vir die Blankes word dit so onmoontlik gemaak om werk te kry. Jy kan nie eers gaan studeer wat jy wil nie, al is daar poste oop.

Ons Boere-Afrikaners het dus 'n groot taak om ons vryheid terug te kry. Maar dit is moontlik veral nou dat die swart regering so in duie stort. Ons moet net begin saamwerk. Nie nodig vir saamsmelt nie, net saam aan aksie deelneem. En ons moet ons uit die staat se stemming uit hou en vir die wêreld wys ons verdra nie die huidige regering nie.

Eie land, eie volk. ■

Ramaphosa

(Van bladsy 1)

Sedert die totstandkoming van die ANC-beheerde koalisieregering het nog geen van die deelnemende partye, waarvan die DA, VF Plus, IVP en PA die vernaamste is, nog nooit werklik standpunt teen Ramaphosa ingeneem nie. Selfs met verlede jaar se “krisis” rondom die begroting, was Ramaphosa die wenner en het sy koalisievennote die aftog geblaas. Waarskynlik maak hy daarop staat dat dit in hierdie geval ook sal gebeur.

Die troefkaart wat deur Ramaphosa gespeel sal word, en wat die koalisievennote beslis gaan gebruik om hulle matige standpunt te verduidelik, is dat hy beter is as sy moontlike opvolger: die “jy weet wat jy het, jy weet nie wat jy kan kry nie”-benadering.

Sou Ramaphosa bedank, of indien ‘n staat van beskuldiging sou slaag, sal sy adjunk, Paul Mashatile, hom opvolg, of ten minste waarneem as staatshoof. Mashatile is bekend daarvoor dat hy baie nader aan die EFF en MK is as aan die DA, en die verwagting is dat hy ‘n nuwe koalisieregering sonder die DA en VF Plus sal saamstel met die EFF en MK. Dit kan selfs beteken dat Malema of een van die topfigure van MK adjunk-president van die land kan word, of ten minste baie sterk ministersposte kan kry.

Hierdie moontlikheid kan die rede gee vir die DA en VF Plus om eerder Ramaphosa te steun “om hierdie aaklige moontlikheid te keer”.

Intussen is daar steeds vrae oor die $580 000 in kontant in Ramaphosa se rusbank. Sy verweer dat dit geld is van internasionale jagters is, word in die wildbedryf met ‘n knippie sout geneem. Boere wat gereeld internasionale jagters akkommodeer, het aan ***Die Afrikaner*** bevestig dat daar maar selde soveel kontant van hande verwissel. Betalings word deur bank-oorplasings gedoen, wat streng deur die Reserwebank dopgehou word, en waar iets nie reg lyk nie, is die Reserwebank vinnig gereed om in te spring en ondersoek te doen.

Een van ***Die Afrikaner*** se lesers het sy eie teorie oor daardie geld. “Waarom word dit in ‘n rusbank versteek? Is dit omdat die kluis klaar vol kontant is? Is daar ondersoek ingestel wat in die kluis aangaan as geld nou al elders versteek word?” het die leser gevra. Hy sê verder dat, alhoewel hy geen bewys daarvoor het nie, dit baie meer algemeen tydens dwelmhandel voorkom dat groot bedrae kontant van hande verwissel. ■

AfriSolar Supplies
Braam Pretoriusstreet 321, Magalieskruin
Axel Powroznik: 082 22 44 584
sales@afrisolarsupplies.co.za facebook: AfriSolar Supplies

Staaltjies uit die HNP se Geskiedenis (4)

Johan Wiesner

Ek onthou nog 2 staaltjies uit die vroeë dae van die HNP:

Ek was nie ‘n stigterslid van die HNP nie, bloot omdat ek in 1969 nog my militêre diensplig verrig het. Die naweek van 24 tot 26 Oktober 1969 kon ek nie ‘n naweekpas kry nie, maar wel ‘n Sondagpas. Ek was in 10 Lugdepot van die Lugmag in Voortrekkerhoogte gestasioneer. My ouers het in Bedfordview, Johannesburg, gewoon. Hoewel ek net ‘n Sondagpas gehad het, is ek darem toegelaat om laat Saterdagmiddag al huis toe gaan.

Pa was egter wel by die HNP se Stigtingsvergadering; een van die sowat 8 000 teenwoordiges. Hy kom kort na by my terug by die huis aan, en vertel geesdriftig van die nuwe Party wat gestig is, met die naam “Herstigte Nasionale Party” en met dr. Albert Hertzog as die eerste leier, en Jaap Marais as die onderleier. Hy vertel van die geesdrif en geweldige skare toeskouers. Die res van die naweek oorheers die stigting van die nuwe party natuurlik die nuus en nuusmedia.

Terug by die werk, Maandag 27 Oktober, praat almal natuurlik van die ongewone gebeure die afgelope naweek, waar ‘n nuwe party uit die Nasionale Party ontstaan het. Ek vertel ewe geesdriftig alles wat Pa vertel het. “O, so, is JY óók deel van DAARDIE lot?” kom die koue, snedige, afkeurende opmerking. Ek kon beswaarlik méér “verkeerde” dinge gesê het! Skielik, handomkeer, het ek *persona non grata* by my mede-soldate geword --- want my pa behoort aan die verkeerde party... Niemand kon egter eintlik verduidelik HOEKOM hierdie nuwe party só “verkeerd” was nie. Dit was net: VERKEERD!! Die massamedia het, tóé al, hulle werk gedoen… Net soos vandag nog…

Nodeloos om te sê, het meeste van my vriende vir die oorblywende deel van my militêre jaar my al meer begin ontwyk en ignoreer; hulle wou nie met enigiemand wat enigiets met die HNP te doene gehad het, geassosieer word nie.

Ek wonder darem waar al dié mense, wat só “reg” geglo het, wat só in die “regte” party gebly het, vandag polities staan? Wat hulle politieke geskiedenisse is? Wáár daardie “regte” party van hulle, vandag is? Miskien moet dié van julle wat hier lees, en my nog onthou, laat weet…

Die tweede staaltjie:

Dit is seker so ‘n maand of wat ná die 1974-algemene verkiesing. Die “Nasionale Party” vryf nog steeds genoegsaam die hande oor hoe hulle darem NOU die HNP “vernietig” het by die stembus. Die HNP is die spot van alle “Nasionaliste”.

Ek en Maarten Pretorius is die enigste 2 openlike HNP-studente op RAU. Heerlike politieke teikens vir hierdie “Nasionaliste”. Ons 2 woon in Drommedaris Manskoshuis.

Maar een aand besluit die ander manskoshuis, Afslaan, om ‘n “Mini-Parlement” in Afslaan te hou. Die NP, VP, PP en HNP sou elkeen ‘n student wat hulle partye verteenwoordig, as spreker hê om hulle party se standpunt oor een of ander onderwerp te kom stel. Elkeen sou ‘n paar minute tyd kry om sy party se standpunt te stel; daarna sou die sprekers vir mekaar kon vrae stel; en dan die gehoor vir die sprekers. Schalk Pienaar, ‘n regstudent, is daar namens die NP. Maarten word gevra om namens die HNP op te tree.

Alles verloop, wonder bo wonder, merkwaardig ordelik en kalm, veral tydens Maarten se spreekbeurt. Daar is geen tussenwerpsels nie, en almal luister aandagtig.

Toe kom die sprekers se vraetyd aan mekaar. Al drie die ander partye peper natuurlik net vir Maarten, glad nie vir mekaar nie. En toe word dit Maarten se geleentheid:

Maarten haal ‘n ***Die Afrikaner***-koerant uit, vou dit oop op een van die binneblaaie, en hou dit só dat almal kan sien dis Die Afrikaner. Meeste mense weet darem nou al dat Die Afrikaner die HNP se koerant is. Schalk sit met ‘n breë glimlag op sy gesig en wag sy groot oomblik af ….

“Meneer die voorsitter,” begin Maarten, “ek wil graag vir u ‘n regse, ‘n HNP-standpunt voorlees, en dan vir mnr. Pienaar vra of hy en sy party met dié standpunt saamstem”. Maarten begin lees. ‘n Standpunt so reg uit die HNP se boeke.

En toe, Schalk Pienaar: “Voorsitter, op ‘n punt van orde, kan Mnr Pretorius vir ons sê uit watter bron hy aanhaal?” Groot oomblik vir Schalk, dink hy, want Maarten sal nou moet sê dit kom uit ***Die Afrikaner***, want hy lees mos daaruit. En dan gaan hy wat Schalk is, vir Maarten lóóp daaroor ….

“Sekerlik, voorsitter”, antwoord Maarten, “die spreker wat ek aanhaal, was ene agbare lid Belsazar Johannes Vorster, wat hierdie toespraak gelewer het in die parlement op [so-en-so se datum], toe hy nog ‘n minister was in dr. Verwoerd se kabinet. En ek haal aan uit Hansard van daardie datum, kolom [so-en-so]. ‘n Uiters betroubare bron, dus, of het julle regering al sover gegaan om die Hansards ook te vervals?”

Pandemonium, vanselfsprekend. Schalk se glimlag verdwyn. Die gehoor skree vir Maarten dood. Hy lieg, skree hulle. Die Eerste Minister sou NOOIT so-iets gesê het nie!! Maarten nooi hulle uit om self te kom kontroleer of hy lieg of nie. Of self in die Hansards in die biblioteek te gaan kyk. Niemand waag dit nie.

Uiteindelik is daar weer redelike kalmte. Maar interessant: In die gehoor se vraetyd, is die gehoor maar baie bedeesd en vra hulle ordentlike, totaal nie-aggressiewe vrae aan Maarten.

En interessanter: die voorsitter knip die vergadering maar baie gou baie kort. Nog verleenthede kon nie bekostig word nie ….

Nodeloos om te sê, is die HNP NOOIT deur enigiemand om verskoning gevra dat hulle vals beskuldig was van leuens nie ….

Ek weet ook nie wat van Schalk en sy politiek geword het nie.

(Was Schalk nie later die KP-LV vir Potgietersrus, wat nou enkele jare gelede vermoor is nie? **Red**.*)*

Hierdie kolom is oop vir enigiemand wat wil staaltjies vertel uit die HNP se geskiedenis

– persoonlike belewenisse wat andersins nooit geboekstaaf sou word nie.

Stuur bydraes asb. na **vandegraafhenk@gmail.com**)

Kommentaar

(Van bladsy 2)

besig is om te eskaleer. Veral die vee- en wildbedryf staan onder geweldige druk. Buffels, met waardes van miljoene rand, kan nie ingeënt word nie. ’n Enkele uitbreking kan die volledige ondergang van sulke boerderye beteken. Hierdie is nie ’n hipotetiese risiko nie — dit is ’n reële en onmiddellike bedreiging.

Die bedryf hoef nie meer bereid te wees om passief toe te kyk nie. Produsente en grondeienaars behou hul reg voor om skadevergoeding teen die staat te eis waar verliese voortspruit uit nalatigheid of versuim om betyds op te tree. Die potensiële omvang van sulke eise kan beduidend wees.

Ons kan beaam wat Landbou Aktief se gevoel is: “Die realiteit is eenvoudig: die huidige hantering van die BKS-krisis faal die landboubedryf. Indien daar nie onmiddellik daadwerklike, verantwoordbare en effektiewe optrede volg nie, sal die gevolge verder uitbrei — ekonomies én institusioneel.”

In Januarie vanjaar het Steenhuisen ’n koördineringskomitee (ICC) uit die landbousektor saamgestel om insette aan die departement te koördineer. Die komitee het aanvanklik weekliks vergader met die doel: om die sektor so vinnig moontlik te herstel sodat die verhandeling van vee kan hervat. Byna vier maande later is dit duidelik dat ook die ICC geen verskil kon maak nie. Maar tog bly dié gedroggie voortbestaan om sekere landbouleiers ‘n skyn status van belangrikheid te gee.

Dalk moet dit maar onomwonde gestel word: Suid-Afrikaanse landbou kan nie meer vir John Steenhuisen as minister van landbou bekostig nie, en dalk ook nie meer die lede van sy verskillende komitees nie. Steenhuisen sal waarskynlik onthou word as die minister wat gelyk het na ‘n vars briesie na dekades van ANC-beheer, maar waarskynlik sal hy die langste van almal onthou word – as die swakste minister wat landbou nog gesien het. ■

KOL. YEVGENY MAXIMOV, RUSSIESE VRYWILLIGER BY DIE BOERE

Prof. Fransjohan Pretorius

Een van die merkwaardigste van die sowat 2 000 vrywilligers wat die Boere in die Anglo-Boereoorlog teen Brittanje kom help het, was kol. Yevgeny Maximov.

As lid van 'n gegoede Russiese familie en ywerige patriot was Maximov vasbeslote om die belange van die Russiese ryk te bevorder. Hoewel hy in 1875 op 'n jeugdige 26 jaar as kaptein uit die Russiese leër getree het, het hy daarna aan verskeie oorloë, veral teen die Turke, deelgeneem. In 1895-1896 het hy die Russiese Rooi Kruis in die Italiaans-Ethiopiese Oorlog verteenwoordig en as korrespondent vir die koerant Nowoje Wremja opgetree.

Ná die uitbreek van die Anglo-Boereoorlog in Oktober 1899 het 'n hele aantal Russiese jong mans — soos van elders in Europa — na die Zuid-Afrikaansche Republiek gereis en as vrywilligers by die Boeremagte aangesluit. Hulle het die Boeresaak teen Brittanje — 'n gemeenskaplike vyand — ondersteun. Daar was ook die romantiese begeerte na militêre roem en avontuur in "wilde Afrika".

Einde Februarie 1900 bereik Maximov Pretoria via Lourenço Marques (vandag Maputo) as vrywilliger en korrespondent vir Nowoje Wremja. Onderweg na Bloemfontein dwing hy die Boere se bewondering af deur 'n springbok op bykans 800 m vanuit die bewegende trein met 'n geweer plat te trek nadat ‘n paar burgers onsuksesvol was. Hy het ook 'n wilde perd ingebreek waarvoor die burgers lugtig was.

Maximov het die vertroue gewen van verskeie Boereleiers, soos pres. Steyn en genl. Barry Hertzog van die Vrystaat, en staatsekretaris F.W. Reitz en genl. Koos de la Rey van die ZAR.

Op 23 Maart 1900 het Maximov die aanbod van die Franse kol. George de Villebois-Mareuil as onderbevelvoerder van die Europese Legioen by die Boeremagte aanvaar. Ná de Villebois-Mareuil se dood naby Boshof op 5 April 1900 het pres. Steyn vir Maximov as bevelvoerder aangestel. Sy offisiere het egter geweier om hom te aanvaar, waarskynlik vanweë sy streng dissipline. Hy het net bevelvoerder van die Hollanderkorps gebly.

Op 30 April 1900 het Maximov sy korps met onderskeiding gelei in die geveg by Thobakop naby Thaba Nchu. Hy is egter vier keer gewond in die geveg. Veral die wond teen sy slaap was ernstig — aldus 'n Belgiese verpleegster by die Boere, Alice Bron, wat hom verpleeg het.

Vroeg in Mei 1900 is Maximov deur verskeie kommando's as veggeneraal gekies, maar sy toestand het verhoed dat hy bevel neem. Hy is versoek om die laaste byeenkoms van die ZAR-Volksraad op 7 Mei by te woon, waar hy persoonlik vir sy diens aan die Boere bedank is.

Teen 15 Mei is hy via Lourenço Marques terug na Rusland, van waar hy gepoog het om 'n Russiese vrywilligerafdeling vir die guerrillakryg na die Boere te neem. Daar was egter nie geld vir die ekspedisie nie.

Getrou aan sy vaderland het Maximov in die Russies-Japannese Oorlog bevel oor die 2de Bataljon van die Oryalregiment aanvaar: Met die eerste geveg op 1 Oktober 1904 te Mukden in Mantsjoerye is hy egter noodlottig gewond. Hy rus in 'n onbekende graf.

Maximov was ongetwyfeld een van die dapperste vrywilligers wat die Boeresaak tydens die Anglo-Boereoorlog kom steun het.

(uit: *Terugblik — 80 sketse van ons verlede* deur Fransjohan Pretorius. Protea Boekhuis, Pretoria (nuwe naam Aristata Boekwinkels). Met goedgunstige toestemming van die outeur).

Kol. Yevgeny Maximov. (Oorlogsmuseum van die Boererepublieke)

Buiteland

Regses wen veld in Brittanje

Die onlangse plaaslike regeringsverkiesings in Brittanje — veral in Engeland op 7 Mei 2026 — was waarskynlik die grootste politieke skok sedert Brexit. Die tradisionele tweeparty-stelsel tussen die Arbeidersparty en Konserwatiewe Party het ernstige verliese gely, terwyl Reform UK, die Green Party of England and Wales en gedeeltelik die Liberaal Demokrate groot deurbrake gemaak het.

Nigel Farage en sy Reform UK het 'n nuwe hoogtepunt bereik in die Britse plaaslike en streekverkiesings. Die party het honderde raadsetels in Engeland gewen, beduidende winste in Wallis en Skotland gemaak, en vir die eerste keer beheer oor plaaslike regerings geneem, insluitend Havering – die eerste Londense stadsdeel in Reform-hande.

Arbeid ly oral swaar verliese en moet verskeie rade prysgee. Die linkse separatistiese en pro-Islam-party SNP in Skotland kan nie munt slaan uit die Arbeidersdebakel nie en kry minder stemme en setels. In Wallis maak die linkse regionalistiese party Plaid Cymru winste en word die grootste party met ongeveer 33% van die stemme, maar slaag nie daarin om 'n meerderheid te verseker nie met 'n geraamde 42-43 setels (uit 96).

Na die sukses van Brexit staan Farage nou voor sy tweede groot triomf: die pad na 10 Downingstraat lyk oop vir Reform UK.

Reform UK het ongeveer 1 450 raadslede gewen en beheer van 14 rade oorgeneem. Die Arbeiders het swaar verliese gely en ongeveer 1 500 setels verloor — selfs in tradisionele werkersklasgebiede in Noord-Engeland.

Die Konserwatiewes Party ook verder ineengestort en meer as 560 setels verloor.

Die linkse Groenes darenteen het hul beste uitslag ooit gehad met meer as 400 nuwe setels en beheer van verskeie rade.

Die Liberale Demokrate het beskeie maar betekenisvolle winste gemaak, veral in suidelike Engelse voorstede.

Van die mees simboliese uitslae was:

• Sunderland — ’n historiese Labour-vesting — het dramaties na Reform UK geswaai. Reform het 58 van 75 setels gewen, terwyl die Arbeiders tot net 5 verminder is.
• In Barnsley het Reform 42 setels gewen en die Arbeiders se oorheersing beëindig.
• In Wallis het Plaid Cymru vir die eerste keer in meer as ’n eeu die Arbeiders as grootste party verby gesteek.

Dit is dus duidelik dat baie Britse kiesers ontevrede is met beide die Arbeiders én die Konserwatiewes. Immigrasie, lewenskoste, misdaad en kulturele kwessies dryf groot dele van die stemverskuiwing. Reform UK begin die Konserwatiewes verdring as hoofparty aan die regterkant.

Vir premier Keir Starmer was die uitslae besonder sleg. Daar is reeds oproepe binne die Arbeiders dat hy moet bedank, hoewel hy gesê het hy gaan aanbly en sy projek as ’n “10-jaar plan” beskryf.

Die verskille tussen Nigel Farage se Reform UK en die Konserwatiewe Party het die afgelope twee jaar baie groter geword. Hoewel albei partye regs van die Britse politieke sentrum staan, probeer Reform UK homself voorstel as ’n meer nasionalistiese en anti-establishment alternatief vir die Konserwatiewes.

Reform UK wil netto immigrasie drasties verminder, pleit vir ’n baie harder grensbeleid, wil die meeste onwettige immigrasie stop deur streng deportasies en moontlike onttrekking uit sekere internasionale menseregteraamwerke en kritiseer multikulturalisme meer openlik as die Konserwatiewes.

Die Konserwatiewes ondersteun ook strenger immigrasiebeheer, maar meer binne bestaande Britse

en internasionale regsraamwerke. Hulle was bereid om hoë vlakke van wettige immigrasie vir ekonomiese redes toe te laat.

Reform UK is baie euroskepties en wil verdere losmaking van Europese regulasies. Sommige leiersfigure in Reform praat selfs van onttrekking uit die Europese Konvensie vir Menseregte.

Konserwatiewes is ná Brexit steeds euroskepties, maar wil samewerking met Europa behou op handel en sekuriteit.

Reform UK fokus sterk fokus op die sogenaamde “anti-woke” politiek, en beklemtoon onbeskaamd Britse identiteit, patriotisme en tradisionele waardes. Hulle is ook meer aggressief oor kwessies soos transgenderbeleid, vryheid van spraak en geskiedeniskwessies.

Alhoewel die Konserwatiewes sommige van hierdie standpunte deel, is hulle baie minder radikaal en ook minder konsekwent. Dié party is intern verdeel tussen gematigdes en kultuurkonserwatiewes.

Belgiese radio nie onpartydig

Die ver-linkse Arenberg beweging het in Antwerpen, Vlaandere, die fees "Immigrasie is Normaal" gehou. In die vooraf kommunikasie oor die fees word immigrasie in 'n treffend positiewe lig gestel: volgens die organiseerders moet immigrasie "gevier" word, en die fees beoog om deur die sogenaamde "dominante diskoers" oor immigrasie te breek. Ondanks die feit dat 'n duidelike standpunt oor 'n verhitte politieke tema ingeneem word, word die Vlaamse openbare uitsaaier, Radio 1, as 'n vennoot gelys. "Dit is 'n skending van die plig van onpartydigheid," reageer Vlaams Belang-parlementslid Klaas Slootmans.

"Dit is nie 'n neutrale kulturele fees nie, maar 'n aktivistiese projek met 'n duidelike politieke boodskap: immigrasie moet gevier word, en kritiek op massa-immigrasie moet as afwykend of verkeerd afgemaak word. Die feit dat 'n VRT-handelsmerk soos Radio 1 hieraan gekoppel word, bots direk met die statutêre mandaat van die VRT," sê Slootmans.

Volgens Slootmans is die samewerking in stryd met beide die Mediadekreet en die bestuursooreenkoms. “Die Mediadekreet vereis politieke en ideologiese onpartydigheid. Boonop lê die bestuursooreenkoms die hoogste standaarde rakende onpartydigheid. Hoe graag sommige ook al anders sou wens: die openbare uitsaaier is nie 'n politieke verlengstuk van die pro-immigrasie-bende nie. Of liewer: dit behoort nie te wees nie.”

“VRT (Vlaamse Radio en TV) mag nie 'n promosiekanaal vir die pro-immigrasie-groep wees nie” Boonop, volgens Slootmans, is die dubbele standaarde by die uitsaaier afgryslik. “Sou VRT ook sy naam assosieer met 'n fees getiteld 'Massa-immigrasie is nie normaal nie'? Om die vraag te vra, beantwoord dit,” sê Slootmans. “Die uitsaaier word betaal deur alle Vlaminge, insluitend Vlaminge wat elke dag die gevolge van massa-immigrasie in die huismark, in onderwys, in maatskaplike sekerheid voel en dit in misdaadstatistieke waarneem.” Slootmans doen 'n beroep op Mediaminister Cieltje Van Achter om in te gryp: “As die VRT die statutêre en kontraktuele onpartydigheidsooreenkomste met sy enigste ware aandeelhouer – die Vlaming – vertrap, dan kan dieselfde Vlaming dit ook doen met die finansiële ooreenkomste met die openbare uitsaaier,” het die Vlaams Belang-lid bygevoeg.

Dit klink so dieselfde as wat gebeur met media-instellings in Suid-Afrika...

EU mik om superstaat te word

Die Europese Parlement het 'n tussentydse verslag oor die Meerjarige Finansiële Kader (MFK) 2028-2034 goedgekeur, wat 'n EU-begroting van meer as 2 000 miljard euro vereis, plus 'n bykomende 0,11% van die BNI vir die terugbetaling van die koronavirus-skuld wat die EU aangegaan het ten bedrae van 750 miljard euro. “Dit is nie 'n begroting nie, maar 'n bloudruk vir 'n toenemend magtiger en duurder Europese superstaat. Die Vlaamse belastingbetaler loop die risiko om weer eens die rekening te betaal, terwyl nasionale soewereiniteit verder ondermyn word,” sê Europese Parlementslid Barbara Bonte van Vlaams Belang.

Die nuwe begroting bou voort op die vorige stemming in die Begrotingskomitee, wat reeds 'n aansienlike verhoging van Europese fondse aangespoor het. Die EU-begroting word grootliks gefinansier deur nasionale bydraes, wat beteken dat enige verhoging direk aan lidlande soos België, en dus hoofsaaklik aan die Vlaamse belastingbetaler, deurgegee word.

Benewens die aansienlike begrotingsverhoging, pleit die Parlement eksplisiet vir nuwe "eie hulpbronne" – lees: Europese belastings – wat jaarliks minstens 60 miljard euro moet genereer. Terselfdertyd word die aanname van gesamentlike skuld deur nuwe Europese leningsmeganismes genormaliseer. "Dit is 'n gevaarlike evolusie na 'n permanente skuldunie, waarin lidstate die las van skuld dra waaroor hulle skaars enige beheer het. Belasting is 'n kernbevoegdheid van die lidstate en nie 'n speelplek vir EU-instellings nie," sê Bonte.

Verder wil die Parlement die terugbetaling van skuld uit die NextGenerationEU-koronavirus-herstelfonds buite die begrotingsplafonne hou, wat veroorsaak dat werklike uitgawes selfs verder styg tot ongeveer 1,38% van die BNI. "Hulle probeer die ware koste wegsteek en Europese uitgawes kunsmatig laer laat lyk. Intussen bly rentebetalings tot ver verby 2050 styg, wat ook herhaaldelik deur die Europese Rekenkamer gekritiseer is," volgens Bonte.

Die verslag pleit ook vir 'n strenger toepassing van die sogenaamde regstaatvoorwaardelikheid, waardeur EU-fondse gevries kan word totdat lidstate hervormings implementeer wat deur Brussel goedgekeur is. “Hierdie meganisme word misbruik as 'n politieke afpersingsinstrument om lidstate te dwing om in lyn te kom met 'n links-liberale agenda,” sê Bonte.

Daarbenewens is daar 'n oproep vir verdere sentralisering van besluitneming, insluitend deur nasionale planne wat direk deur die Europese Kommissie bestuur word. Nog meer verreikend is die eksplisiete oproep om die vetoreg van lidstate rakende die aanvaarding van die EU-begroting af te skaf. “Hiermee wys die Europese instellings hul ware kleure: nasionale soewereiniteit word gesien as 'n hindernis wat moet verdwyn,” volgens Bonte. Laastens bied die verslag aansienlike befondsing vir klimaatbeleid, geslagsprogramme, NRO's en immigrasiebeleid, insluitend die verdere uitrol van die Asiel- en Migrasiepakt. “In plaas daarvan om die eksterne grense effektief te beskerm, word miljarde steeds in 'n stelsel gepomp wat migrasie fasiliteer en ideologiese projekte subsidieer.”

“Hierdie tussentydse verslag laat geen twyfel oor die rigting waarin die EU ontwikkel nie: meer geld, meer mag en minder demokratiese beheer,” sê Bonte.

RN burgemeester sny linkse befondsing

Die nuwe Rassemblement National (RN) burgemeester van die Franse stad Carcassonne, Christophe Barthès, het sedert sy ampstermyn verskeie goeie maatreëls getref wat daarop gemik is om plaaslike identiteit, orde en leefbaarheid te versterk. Hy het byvoorbeeld die Europese vlag by die Stadsaal deur die Franse vlag laat vervang, as 'n simbool van sy klem op nasionale eenheid.

Daarbenewens het hy 'n verbod op bedel ingestel. Toe die Liga vir Menseregte hierteen geappelleer het, het hy besluit om munisipale subsidies aan daardie organisasie te staak. Hy het ook subsidies vir linkse media en vakbonde gesny wat hom, volgens hom, herhaaldelik op 'n vyandige en beledigende wyse aangeval het.

Terselfdertyd het hy ook maatreëls getref wat positief deur baie inwoners ontvang is, soos om nagbeligting in die stad te herstel en parkeerplekke oor naweke gratis te maak.

Demokrate kry bloedneus in Virginia

Die Amerikaanse Demokrate het gereken hulle was so te sê gewaarborg vir 10 uit Virginia se 11 kongressetels. Die staat se hooggeregshof het daardie droom egter vernietig.

Virginia het verlede maand gestem ten gunste van 'n referendum om 'n nuwe afbakeningskaart aan te neem wat so te sê sou waarborg dat 10 uit die staat se 11 kongressetels na Demokrate gaan in die

komende middeltermynverkiesing.

Die Demokrate – wat meer as $60 miljoen aan hierdie poging om die hersonerings deur te voer – was klaarblyklik voortydig in hul vieringe.

Tot die waarskynlike teleurstelling van voormalige president Barack Obama, Virginia se goewerneur Abigail Spanberger, en ander Demokrate wat die herafbakening inisiatief ondersteun het, het die Virginia Hooggeregshof beslis dat "die wetgewende proses wat gebruik is om hierdie voorstel te bevorder, Artikel XII, Afdeling 1 van die Grondwet van Virginia geskend het."

In sy uitspraak in Scott v. McDougle, het die staat se hooggeregshof die gevolgtrekkings herhaal wat voorheen getrek is deur Jack Hurley Jr., die Tazewell plaaslike regter wat aanvanklik die regsuitdaging aangehoor het wat deur Virginia-staatssenator Ryan McDougle (R) en ander aangevoer is.

Die Hooggeregshof van Virginia het bevind dat die uitslag van die stemming onbelangrik was met betrekking tot die ontleding van sy "geregtelike hersiening van die grondwetlikheid van die grondwetlike wysigingsproses voor die verkiesing" en het beklemtoon dat die "Gemeenskap 'n voorgestelde grondwetlike wysiging op 'n ongekende wyse aan Virginia-kiesers voorgelê het wat die tussenverkiesingsvereiste in Artikel XII, Afdeling 1 van die Grondwet van Virginia, oortree het."

Hierdie oortreding, volgens die hof, "ondermyn die integriteit van die gevolglike referendumstemming onherstelbaar en maak dit nietig."

Die middeltermyn verkiesings vind in November vanjaar in Amerika plaas, en die wêreld se linkse media probeer hul bes om voor te gee dat Trump en die Republikeine dalk groot verliese kan ly.

Selfs die *New York Times* moes erken dat hierdie hof uitspraak ‘n groot terugslag vir die Demokrate is. Die Times reken die verwerping van die nuwe Virginia-afbakening dat Demokrate regoor die land 'n halfdosyn veilige setels, en moontlik meer, kan verloor deur nuwe afbakenings. te word.

Dit is egter nie die enigste terugslag van die Demokrate nie.

Die Demokratiese lesbiese regter Speedlin-Gonzalez kry ‘n lewenslange verbod om as regter te dien na ‘n strafregtelike aanklag teen haar.

Rosie Speedlin-Gonzalez is in 2018 as 'n Demokraat verkies om as regter in die Bexar plaaslike hof te dien in terme van Wet No. 13 in San Antonio.

Die graafskap se eerste openlik homoseksuele regter het geen tyd gemors om haar aktivistiese voorneme en radikalisme te bewys nie, byvoorbeeld deur 'n “Pride”-vlag agter haar bank en langs die Amerikaanse en Texas-vlae tydens formele hofverrigtinge in 2019 te hys.

Na verskeie beskuldigings van regterlike wangedrag en botsings met die Staatskommissie oor Regterlike Gedrag, het Speedlin-Gonzalez se tyd as regter in die Lone Star-staat uiteindelik tot 'n einde gekom. Die linkse oudregter – oor wie die San Antonio Express-News in 'n 2023-artikel berig het dat sy "erken dat sy 'n rebel is" en wat in 2020 vermaan is omdat sy prokureurs gelukgewens het met die oorwinning in haar hof – is in Januarie strafregtelik aangekla in verband met 'n voorval in Desember 2024 waarin sy na bewering 'n balju beveel het om 'n vroulike verdedigingsadvokaat te boei en haar in die juriebank te gooi.

Speedlin-Gonzalez, die 2021-ontvanger van die “Texas Diversity Council” se LGBTQ+ Individuele Leierskapstoekenning, is aangekla op een aanklag van onwettige beperking deur 'n regterlike beampte - 'n tweedegraadse misdaad - en een aanklag van amptelike onderdrukking, 'n klas A-misdryf.

Op grond van die aanklag het die SCJC Speedlin-Gonzalez op 5 Februarie sonder betaling geskors.

Die linkse - wat vir herverkiesing tot die Bexar streekhof gestaan het, maar oorweldigend deur kiesers in die Demokratiese primêre verkiesing in Maart verwerp is - het laat verlede maand ingestem om 'n lewenslange verbod van die regterlike diens te aanvaar om die uitstaande wangedragklagte teen haar te skik en verdere dissiplinêre stappe te vermy. Sy sal die res van haar lewe nie meer as regter mag dien nie. ■

HUTTEN-BUCHDIENST

Posbus 70770, Die Wilgers, 0041
Vuurklipstraat 541, Die Wilgers

www.hutten.co.za **hutten.buchdienst@gmail.com**
072 229 2148

MalEmma tronk toe met ‘n leë bankrekening?

JuliAss MalEmma het dalk meer probleme as wat hy wil voorgee nadat sy party in die Grondwetlike Hof ‘n oorwinning oor Ramapokker behaal het. Dié sege vir JuliAss kom vir hom op ‘n geleë tyd, want skaars ‘n maand gelede is hy gevonnis tot vyf jaar tronkstraf. Aangesien hy geappelleer het, is hy voorlopig nog ‘n vry man.

Intussen is daar ‘n nuwe donker wolkie wat vir hom opsteek. Tydens protesoptrede by die Hoërskool Brackenfell het JuliAss en sy volgelinge hulle aan haatspraak skuldig gemaak. Die Gelykheidshof het reeds bevind dat sy optrede, toesprake en plakkate neerkom op haatspraak.

Nou het een van die inwoners, met wie JuliAss se volgelinge slaags geraak het, hom gedagvaar vir ‘n hele miljoen rand, want hy het gevoel sy lewe is bedreig en ‘n kliniese sielkundige beaam die geweldige trauma wat dié inwoner ervaar het na daardie episode.

Natuurlik het JuliAss ook teen die bevinding van die gelykheidshof geappelleer, dus is dit nog nie afgehandel nie.

• Dus, wanneer beide appèlle misluk, gaan JuliAss moet uithaal en wys en die inwoner betaal, en wanneer hy dan tronk toe gaan, sal hy nie eens meer geld oor hê om ‘n selfoon te laat insmokkel nie. Dink net hoe salig daardie rus sal wees...

Wat jy saai, sal jy maai

Die stad Johannesburg is kniediep in die sinkgat.

Dis nou nie die sinkgat waarin Helen Zille gaan swem of roei het nie, maar die sinkgat van geld – die bodemlose sinkgat.

Johannesburg se uitstaande munisipale skuld beloop tans R70 miljard, waarvan die grootste deel uit Soweto kom. Terwyl die invorderingskoers in die voorstede bo 88% is, bly Soweto se koers op slegs tussen 40% en 50%.

Een van die redes vir dié penarie is die omstrede salarisverhoging van R10,3 miljard wat verlede jaar aan werkers aangebied is om “arbeidsoptrede” (lees: gewelddadige betogings) voor die G20 beraad te voorkom

Nou het selfs die minister van finansies, Enoch Godongwana, ingetree om die ANC administrasie se wanbestuur en onbehoorlike salarisonderhandelinge te probeer stuit, deur ‘n kwaai brief aan hulle te skryf.

• Nou ja, wat jy saai sal jy maai. Vir jare is ‘n ’n kultuur van wanbetaling deur die ANC gepropageer. Maar nou wil die ANC daardie kultuur omkeer, en dis nie so maklik nie. Iewers byt sulke goedjies iewers in die toekoms...

Cyril en Jacob wil tee drink

Blykbaar het Cyril Ramapokker moeilikheid sien kom net voor die uitspraak oor die Phala Phala aangeleentheid.

Jacob Zuma het aangedui dat hy met Ramapokker wil gaan tee drink, waarop Ramapokker gesê het hy sal met enigiemand tee drink. Nou word daar druk bespiegel wanneer die groot drinkery gaan plaasvind.

Intussen sê Ramapokker se lofsanger dat dié twee nie in oorlog met mekaar verkeer nie, maar dalk oor regeringsake wil gesels, want as oud-staatshoof het oude Jacob toegang tot Ramapokker.

Maar Ramapokker sal dalk met Zuma wil kuier in ‘n poging om hom te steun as hy dalk in staat van beskuldiging geplaas word. Die hofsaak is immers deur die EFF gemaak, en nie Zuma se MK nie.

Aan die ander kant het Zuma en JuliAss MalEmma ook nie te lank gelede saam tee gedrink nie.

*• **Sarel** het lank al voorspel dat die ANC, EFF en MK mekaar wel weer sal vind. Uiteindelik gaan dit nie oor beleid of beginsels nie: almal staan op die* Freedom Charter. *Almal hou nie regtig van die Blankes in die land nie, alhoewel die een dit dalk meer prominent sal sê as die ander. Maar dit gaan maar oor persoonlikhede. So, dat hulle in een kraal gaan kom, is net ‘n kwessie van tyd. **Sarel** wens hy kon dit ook van die Afrikaners sê...*

Lesers sê hul sê

vandegraafhenk@gmail.com

Lesers is welkom om kort briewe en menings te stuur aan vandegraafhenk@gmail.com vir publikasie in *Die Afrikaner*.

Die redaksie behou ten alle tye die reg voor om briewe te plaas of nie te plaas nie, of om briewe te verkort en taalkundig te versorg.
Briewe met 'n lasterlike of kwetsende inhoud sal nie vir publikasie in aanmerking kom nie. *(Red.)*

Dankie, Lesers.

Aan die lesers van ***Die Afrikaner*** wil ek dankie sê vir die groot getal mense wat die skakel na ***Die Afrikaner*** oopmaak.

Ek wil graag verwys na die skrywe wat in die vorige uitgawe geplaas is waar die skrywer gesê het hy "wil nie meer nie" .

Die persoon het 'n paar punte aangeraak waarmee ek kan saamstem. Ek gaan net nie ophou nie. Maar ons kry swaar. Persone wat wel werk het, oorleef skaars en ander moet skraap om deur die maand te kom. Daar is wel persone wat goeie salarisse verdien en wat lesers van ***Die Afrikaner*** is. Ek doen 'n beroep op hulle om skenkings of debietorders te onderteken waar hulle iets aan ***Die Afrikaner*** skenk.

Lesers moet aanvaar dat ons met min personeel nuus moet opgrawe om aan u te stuur. As u die optogte wat in Johannesburg en Durban in verlede week gehou is sien, moet u weet die vuur brand nader. Maar ons het nie finansies om personeel en vervoerkostes te betaal om hierdie tipe chaos te by te woon en presies vas te stel waarteen hulle betoog en hoe dit ons raak nie.

Ek wil net sê dat sou daardie betogers geweldadig raak, is ons lewens in gevaar. Ons moet ook met ander organisasies gesels om saam planne vir beskerming te maak. Maar al die dinge wat ons wil doen, kos ongelukkig geld. Enige bydrae sal dus help.

H van der Schyff
Hoofsekretaris: HNP

Help die wawiele rol

Louis Muller is al vir meer as 10 jaar met sy perde kommando betrokke by volksfeeste, waaronder ook Amajuba.

Hy is op die oomblik besig om 'n span osse in te breek met die doel om dit voor 'n ossewa in te span.

Op die foto kan die wa gesien word wat nou ten volle gerestoureer is deur prof. Eric Holm. Die wa is te koop en nou vra ons vir ons volksgenote om die wa vir ons te borg met klein bedrae geld in belang van ons kinders.

Die geld kan direk in betaal word in die rekening van prof. Holm, onder die verwysing "Louis se wa".

Die rekening besonderhede is
E Holm, ABSA, tjek 2140401660.

Ek sê dankie vir u ondersteuning.

Kobie van der Hoven
Tel. 0828988917

Die Afrikaner is bevoorreg om weer Sus Lettie se briewe aan Sus Katrien te kan plaas.

Alet Murray het hierdie briewe van ’n heelwat jonger Lettie aan ’n heelwat jonger Katrien geskryf vir ***Die Afrikaner*** in die vroeë tagtigerjare.

Almal het maar saam met die jare gestap, en Alet het ingewillig om die avonture van Lettie en Servaas weer op te tel waar hulle tans in ’n ouetehuis woon...

Sommer so sonder sug of stoot het die herfs stilletjies al die geel blare van die bome kom aftrek en hulle staan nou soos wintergeraamtes in 'n vlakte van vaal gras. Miskien het die wintervingers so ongemerk hulle werk kon doen, want ons was te besig om regtig te kyk.

Die nuus uit die buiteland is 'n onrustige stilte waar dit lyk asof al die volke met gelaaide gewere vir mekaar sit en gluur.

Hier op ons ondermaanse voel ons nog net die begin van die uitwerking van olieprobleme. Die boere se produksiekoste styg alreeds asook die produkte se vervoerkoste. Mettertyd gaan ons sekerlik die effek erger voel en nou kom hier nog die ongedurigheid met ongewenste immigrante by.

Vir my beteken dit dat ons op die regte spoor is om voorsorg te tref vir moontlike maer jare en gelukkig begin ons inwoners dit ook nou insien.

Septimus het ons laas week weer bymekaar geroep in Koekemakranka se saal. Die man is baie bekommerd oor wêreldtoestande en ook oor die effek van die eskalerende onderonsies met die indringers hier. Hy het ons weer eens aangemoedig om voedsel wat lank gebêre kan word, op te berg. Ook sê hy dis noodsaaklik dat elkeen van ons bietjie groente te plant, al is dit in die stoep se blombakke. As aanmoediging het hy toe 'n nuwe kruiwa vol tuingereedskap aan die skool geskenk, waar die eerste groenteplantjies nou al mooi aankom.

Bokkie en haar helpers het een kamer in Kwadraat se ou opstal omgeskep in 'n kombuis waar hulle alles moontlik in bottels preserveer. Annaprof het een van hierdie moderne warmlugoondjies en daarin ontwater hulle blaargroente wat dan lugdig in sakkies verpak word.

Dis mos hoe die wêreld is, want toe ons Dinsdagoggend op ons besigste is, hou hier 'n nuwe blink wit kar stil en wie klim uit? Niemand anders as die Kou-ekkemoors nie, jakkalspels en al. Alles moes netso gelos word dat ek kan gaan tee skink in my Sondagkoppies. Praat hieroor en daaroor, die ekonomie wat druk as jy in 'n groot huis woon en daar word voel-voel getas na die moontlikheid van 'n erfie op Tweede Wind.

Ai ou Sus, partykeer kry ek mos so willens en wetens 'n lelike streep agter my linkeroor.

"Dit sal baie gaaf wees om nog bekwame mense hier te kry," sê ek. "Ons is nou besig met die voedselberging as buffer teen die skaarste en hoër pryse wat ons verwag. Ons het nou ernstig nog hande nodig om te kom biltong maak en hoendereiers in te lê in asynsous. Jy sal lekker daarby inpas."

Die jakkalskoppie op haar skouer skud ook sy nee terwyl die glasogies vir my gluur en Servaas se oë lag.

Hulle het nie lank gebly nie en die motor se stof het nog tussen die grasse gehang toe oom Janneman op 'n drafstap aankom. "Oom Servaas, kom kyk wat by die Scheeperse aangaan! Hulle bou donkiekarre en hulle sê saam met Allegro-hulle se donkies gaan hulle 'n vervoerdiens dorp toe begin!!"

Groete ook aan ou Swaer.

Jou liefhebbende
Sus Lettie

Die Afrikaner
Sedert 1970

admin@hnp.org.za Tel. 079 752 4898

Debietorderopdrag

Titel: Prof. Dr. Mnr. Mev. Mej.

Van en Voorletters: _____

Adres: _____ Sel. _____

_____ E-pos _____

_____

Poskode: _____

ID Nr: _____ Datum: _____

AAN: *Die Afrikaner*, Posbus 18826, PRETORIA-NOORD, 0116.

Geagte Meneer **MY OOREENKOMS: MAANDELIKSE BYDRAE**

Die besonderhede van my/ons* bankrekening is soos volg:

BANK _____

TAKNAAM EN DORP _____

TAKNOMMER: _____ **REKENINGNOMMER**: _____

TIPE REKENING: **Tjek** **Transmissie** **Spaar**

BEDRAG: R _____ (_____**Rand**) in woorde

Ek/Ons* versoek hiermee, “dra dit aan u op”, en magtig u om my/ons* rekening by bogenoemde bank (of ‘n ander bank of tak waarheen ek/ons* my/ons* rekening mag oorplaas) met bostaande bedrag te debiteer ten opsigte van bogenoemde ooreenkoms op die 1e 16e dag van elke maand met ingang _____. Alle sodanige onttrekkings uit my/ons* bankrekening deur u word behandel asof dit deur my/ons* persoonlik onderteken is.

Ek/Ons* stem toe om enige bankkoste met betrekking tot hierdie debietorderopdrag te betaal. Hierdie magtiging kan deur my/ons* gekanselleer word deur aan die HNP skriftelik dertig dae kennis te gee, maar ek/ons* verstaan dat ek/ons* nie op ‘n terugbetaling van bedrae geregtig is wat u onttrek het terwyl dié magtiging van krag was nie. Die ontvangs van hierdie opdrag deur u word as ontvangs daarvan deur my/ons* bank (soos die geval mag wees) geag.

Onderteken te _____ op hierdie _____ dag van _____ 2024.

_____
HANDTEKENING

*Skrap wat nie van toepassing is nie

Herstigte Nasionale Party

Tel 079 752 4898
e-pos: **hnpvansa@gmail.com**

Aansoek om Lidmaatskap

Ek, die ondergetekende, verklaar hiermee plegtig dat die grondslag, doelstellings en beginsels van die Herstigte Nasionale Party ten volle onderskryf en my aan die grondwet onderwerp.

Titel: ☐ Prof ☐ Dr ☐ Mnr ☐ Mev ☐ Mej

Van en Voorletters: _____

Adres: _____ Sel.no.: _____

_____ E-pos: _____

_____

Poskode: _____

ID No: _____

Vaardigheid/Beroep: _____

Ledegeld: ☐ (D/O)(R50 p/m)

Handtekening: _____ Datum: _____

Goedkeuring van Lidmaatskap

Datum van toelating: _____ **Ledegeld betaal:** _____

(Get.) Werwer (HNP-lid): _____

Bankbesonderhede:

ABSA Tjekrekening: 020770880 **Rekeningnaam**: Spitskopfonds **Verwysing**: U naam en van

Kantoorgebruik:

Datum waarop aansoek ontvang is: _____ Lidnommer: _____

Datum waarop ledekaart aan lid gestuur is: _____